Inskrywing van die graad een leerders

Leerders is skoolpligtig vanaf die begin van die jaar waarin hulle sewe jaar oud word.

Die Gautengse department van onderwys vereis dat alle voornemende graad een leerders aanlyn registreer. Die aanlynregistrasies open gewoonlik aan die begin van die tweede kwartaal. Die presiese datums en webadres waar ouers die leerders registreer sal aan u gekommunikeer word sodra ons dit van die onderwysdepartement ontvang. Plekke kan nie vir die leerders gereserveer word nie. Dit is uiters belangrik dat u so spoedig as moontlik nadat die aanlynregistrasies open sal registreer om vir u kind ‘n plek te reserveer by Laerskool Totiusdal.

Nadat u, u kind elektronies geregistreer het moet u asseblief die volgende dokumentasie binne 7 dae by die skoolkantoor inhandig.

Ons benodig die volgende:

1. Laerskool Totiusdal – inskrywingsvorm
2. ‘n Gesertifiseerde afskrif van die kind se geboortesertifikaat
3. Gesertifiseerde afskrif van beide ouers se identiteitsdokumente
4. Bewys van woon of werksadres
5. Afskrif van die Immuniseringskaart

Alle voornemende graad een leerders en hulle ouers word na Laerskool Totiusdal se opedag genooi. Die graad een opedag is gewoonlik of die eerste Saterdag van die tweede kwartaal of die laaste Saterdag van die eerste kwartaal. Die leerders kry geleentheid om die graad een onderwysers te ontmoet en ‘n voorsmakie te kry van al die lekker dinge wat ons by Laerskool Totiusdal doen.

Inskrywings vir Gr.2 – Gr.7

Ons benodig die volgende:

1. Laerskool Totiusdal – inskrywingsvorm
2. ‘n Gesertifiseerde afskrif van die kind se geboortesertifikaat
3. Gesertifiseerde afskrif van beide ouers se identiteitsdokumente
4. Bewys van woon of werksadres
5. Afskrif van die Immuniseringskaart

Die oorplasingskaart van die vorige skool saam met die nuutste rapport moet ook ingehandig word.